Op die foto's links, regs en heel onder roei kinders van die roei-akademie. Op die middelste foto betoog mense van Kameeldrif teen geweld.

Foto's verskaf

roep en besef dat ons as gelowiges alles moet aanpak in geloof, en daarom was gebed 'n kernbestanddeel van ons plan. Ons het mense voorsien van inligting oor hoe hulle hulleself op die beste moontlike manier kan beveilig. Ons het selfs gehelp dat die mense in die gebied nommerborde op hulle eiendom aanbring sodat die polisie makliker by die verskillende plotte kan uitkom," vertel Willem.

Al was daar 'n goed uitgewerkte plan van aksie op die tafel, het die twee predikante ook die wysheid en insig verkry om nie te probeer om die reg in eie hande te neem nie. Die laaste ding wat hulle wou hê, is dat die mense van die gemeente "cowboys en kroeks" moes speel. Daar is begin om verskillende gesprekke tussen die gemeenskap, die leiers in die gemeenskap en die veiligheidsmagte te organiseer en uiteindelik het dit gelei tot 'n massavergadering in die kerkgebou. Die boeregemeenskap van Kameeldrif was gefrustreerd en ontevrede met die toedrag van sake en daar het harde woorde geval toe die polisie die gemeenskap kom toespreek het.

"Die vergadering het dit duidelik gestel dat hulle 'n plan van aksie van die polisie verwag. Hulle het die polisie drie dae gegee om hulle te antwoord op hulle eise," vertel Roelf.

Al die gemeentes in die area het saam 'n biddag teen die geweld gehou en die nuutaangestelde Minister van Polisie, mnr Nathi Mthethwa, was by die biddag teenwoordig. 'n Jong seun wat sy pa in 'n sinnelose moord verloor het, het 'n brief aan die minister oorhandig waarin hy versoek het dat daar dringend aandag aan die probleem gegee word.

Binne 'n week is die personeel van die plaaslike polisiekantoor aansienlik uitgebrei. Daar is ook 'n mobiele polisiekantoor in die gebied opgerig waarin die addisionele polisielede kon werk. 'n Helikopter en die honde- en berede eenheid is ook ontplooi en sigbare polisiëring is drasties verbeter.

"Iets waaroor ek geweldig opgewonde is, is hoe ons anti-misdaadprogram uitgekring het," sê Roelf. "Ons het besef ons kan nie net reaktief optree nie, maar moes ook voorkomend optree. Ons het 'n Artikel 21-maatskappy, Kamcare, op die been gebring. Dit is ons langtermynplan om mense in die gemeenskappe rondom ons se lewe te verander en sodoende misdaad op die lang duur te beveg."

Me Liezel Landman is die projekbestuurder van Kamcare. Sy is 'n opgeleide maatskaplike werker wat al 'n hele paar jaar in die gemeenskap werk. "By Kamcare is ons fokus om 'n verskil in mense se lewe te maak. Daar is 'n familiekliniek waar mense ook pastorale hulp kan kry. Die tweede been was die kindersorgsentrum. Dit word in samewerking met nog 'n organisasie sonder winsoogmerk, Academy for Canoe Development, bedryf. Daar het ons 'n baie suksesvolle roei-akademie gevestig. Dit is egter meer as 'n roei-akademie, want dit dien ook as 'n naskoolsentrum waar kinders hulle huiswerk kan doen en 'n maaltyd kry.

"Die derde been van Kamcare is 'n opleidingsentrum waar ons mense help om werk te kry, en ook opleiding te ontvang. Ons wil graag mense se persepsie dat hulle mag steel, as hulle nie werk het nie, verander. Die vierde been is om sekere gemeenskapsprojekte te inisieer en hier het ons nasionale en internasionale rolspelers betrokke gekry. Ons verskaf in samewerking met Lloyds Register, 'n Britse onderneming, sonpanele aan sekere gekeurde huishoudings in die plakkersbuurte. Van hierdie huishoudings waar daar hoërskoolleerders in die huis is, het nou met die hulp van die sonpanele elektrisiteit sodat die kinders in die aand kan leer en huiswerk doen."

Volgens die nuutste statistiek van die Instituut vir Sekerheidstudies is daar 'n drastiese afname in misdaad en geweldsmisdaad in die gebied. Tog weet Roelf en Willem dat misdaad nooit heeltemal uitgeroei sal kan word nie. Hulle bly egter opgewonde oor die toekoms.

"Dit was vir ons van die begin af belangrik om 'n verskil te maak. Wanneer een van die mans by die opleidingsentrum aankom om te spog met die potte wat hy gemaak het met R200 aanvangskapitaal, lê die seën van die projek vir ons daarin. Al wat ons probeer doen, is om 'n instrument in die hand van die Here te wees. Ons wil sy hande en voete wees," sê Willem.

Roelf beaam dit. "Daar is 'n Ovambo gesegde wat min of meer só lui: 'Met een boom kan jy nie 'n heining bou nie.' Dit beteken een persoon alleen kan nie armoede verlig of misdaad in ons land uitroei nie. As elkeen sy deel doen, kan ons saam wel iets aan die situasie doen."

Die laaste ding wat hulle wou hê, is dat die mense van die gemeente "cowboys en kroeks" moes speel.

Hoe kan jy betrokke raak?

- Deur gebed.
- Word 'n vrywilliger.
- Donasies: klere, voedsel, opvoedkundige materiaal.
- 'n Geldelike bydrae deur middel van 'n aftrekorder.
- Kontak Liezel Landman by 072 150 3994 of info@kamcare.org